**Julle wil tog seker nie ook weggaan nie? (OP220)**

**Joh 6:41-71**

**18 Mei 2025**

Ons het alreeds twee keer stilgestaan by Joh 6. Die eerste keer het ons gekyk na die twee tekens wat die Here Jesus gedoen het: die vermeerdering van die brood en ook die Here Jesus wat op die water na die dissipels geloop het toe hulle in die storm in die nag op die see was. Laaskeer het ons begin kyk na die lering wat die Here Jesus gegee het oor die betekenis van die broodvermeerdering: Ons het gesien dat die mens se diepste nood die feit is dat hy geestelik dood is en behoefte het aan die ewige lewe. Ons het ook gesien die Here Jesus is die ware brood van die lewe, en die mens kan dit ontvang as hy na die Here Jesus kom en in Hom glo. Maar die Vader sal so 'n persoon eers vir die Here Jesus moet gee, voor die persoon na Hom toe sal kom in geloof. As iemand egter wel van die brood van die lewe eet, sal die Here Jesus so 'n persoon nooit verlore laat gaan nie, trouens hy sal op die laaste dag opgewek word en vir ewig lewe.

Vandag wil ek stilstaan by die res van Joh 6 – dit is verse 41-71. Daar is heelwat bevestiging in hierdie gedeelte van die inhoud wat ons laasweek oordink het. Maar tog is daar ook nuwe inhoud, en ons leer ook van die reaksie van die Jode en die twaalf dissipels. Ek wil dus die gedeelte oordink onder die volgende drie punte: (1) Twee verdere leringe oor die brood van die lewe, (2) Die reaksie van die Jode, en (3) Die reaksie van die twaalf dissipels.

<u>Twee verdere leringe oor die brood van die lewe</u>

Laasweek het ons geleer dat beide die manna destyds in die woestyn asook die fisies vermeerderde brood die vorige dag, tekens was wat vooruit gewys het na die ware brood van die lewe. Die ware brood word deur die Vader uit die hemel gegee, en die ware brood is 'n Persoon – dit is die Seun van die Mens, dit is die Here Jesus self. Hy spreek die diepste behoefte van die mens effektief aan sodat die mens nooit weer honger word nie, die Here Jesus sal iemand wat die ware brood geëet het, nooit verlore laat gaan nie, nee, daardie persoon sal uit die dood opstaan en ewig lewe. Iemand sal die brood van die lewe eet, as die Vader die persoon aan die Here Jesus gee, dan sal daardie persoon na die Here Jesus kom en in Hom glo. So word die wil van God vervul.

Uit die res van Joh 6 is daar twee verdere lerings waarvan ons moet kennis neem: (1) Wat gebeur wanneer die Vader iemand aan die Seun gee? (v44-46) en (2) Die ware brood is die liggaam van die Here Jesus (v51-58).

> **Wat gebeur wanneer die Vader iemand aan die Seun gee? (v44-46):** Uit vers 37 het ons laasweek geleer dat die Vader iemand vir die Here Jesus moet gee, voordat daardie persoon na die Here Jesus kan kom en in Hom glo. Die vraag is: Wat gebeur nou as die Vader iemand aan die Seun gee? Hoe gebeur dit nou dat so 'n persoon na die Here Jesus toe kom en in Hom glo? Lees vers 44. Die antwoord is: Die Vader moet die persoon na die Here Jesus toe trek. Hierdie trek van die Vader is selektief – Hy trek net diegene wat Hy vir die Seun wil gee. Maar die trek van die Vader is ook effektief – as Hy iemand na die Here Jesus toe trek, dan kom die persoon na die Here Jesus toe, en hy glo in Hom.
>
> Die logiese volgende vraag is natuurlik: Hoe trek die Vader? Lees vers 45. Hierdie vers leer ons dat die profete al gesê het hulle sal almal deur God onderrig word. Hierdie stelling is 'n parafrase van Jes 54:13 waar ons lees dat die herstelde Jerusalem, wat natuurlik 'n tipe is van die gelowiges, almal deur God onderrig sal word. Die Vader trek dus, deurdat Hy mense

onderrig, oftewel hulle leer. Die tweede deel van vers 45 bevestig dit: Dit is die mense wat na die onderrig van die Vader luister, want na die Here Jesus kom.

Ja, goed, maar hoe onderrig die Vader? Nou moet ons onthou wat ons onlangs geleer het toe ons oor die nuwe verbond besin het:

- In Jer 31:33-34 het ons geleer dat die Here sê Hy sal Sy wet in hulle binneste gee, en Hy sal dit op hulle harte skryf, soveel so dat hulle nie meer mekaar sal hoef te leer nie, want hulle almal sal Hom ken.
- In Eseg 36:26-27 het die Here beloof Hy sal aan die mense 'n hart van vlees gee en Hy sal Sy Gees in hulle binneste gee en daarvoor sorg dat hulle Sy vaste voorskrifte en bepalings nakom. Dit is inlyn met wat die Here Jesus in Joh 3 aan Nikodemus geleer het – iemand moet weergebore wees uit water en Gees.
- En let op wat die Here Jesus self sê in Joh 6:63. Lees dit. Die woorde wat die Here Jesus tot iemand spreek, is Gees en is lewe. Onthou, die Here Jesus is die Een wat die Vader gesien het, Hy was by die Vader (v46), en Hy is die Een wat die Vader aan ons kom bekend maak, immers Hy is die Woord (Joh 1:18, 3:34).

Die punt is: Die Vader onderrig deur die Heilige Gees en deur die Seun. Die Heilige Gees gee 'n nuwe hart aan die persoon wat getrek word, Hy skryf die wet van God op hierdie nuwe hart, Hy sorg dat die persoon na die Here Jesus kom. Die Here Jesus leer ook hierdie persoon – Hy maak die Vader aan hom bekend – soos wat Hy hier in Joh 6 besig is om dit alles aan die skare Jode te verduidelik. Die Vader trek mense deur hulle harte te verander, en hulle dan te leer van hulle diepste nood, en hulle dan te leer van die Here Jesus as die ware brood. En Hy doen die onderrig deur Sy Gees en deur Sy Seun.

Ek hoop jy sien dit raak: God oortuig mense met feite, met inhoud: Die kern van die inhoud is die feit dat Sy Seun die ware brood is. Hy oortuig mense ook deur vir hulle nuwe harte te gee. Don Carson skryf hieroor en sê die Vader trek ons nie na Sy Seun soos 'n verkragter sy slagoffer nader trek nie, nee, Hy trek ons nader soos wat 'n verliefde man sy geliefde nader trek – met feite maar ook met emosie en met liefde. Die trek van die Vader is onweerstaanbaar. As Hy trek, sal die persoon kom. Miskien stribbel hy eers teë, maar eventueel sal hy kom.

Geliefdes, dit het allerlei implikasies vir ons evangelisasiewerk. Soms is ons geneig om te dink iemand wat die Vader vir die Seun gegee het, sal mos kom. Die Vader sal daarvoor sorg. Ons hoef maar net te wag tot die Here Hom trek. Wat ons moet onthou die Vader trek deur te onderrig. En toe die Here Jesus opgevaar het hemel toe, het Hy gesê ons moet dissipels gaan maak onder andere deur hulle te gaan leer. Ons is die instrumente waardeur die Vader hulle wil onderrig. Natuurlik is die Seun en die Heilige Gees ook betrokke – dit is Hulle wat die harte van die mense verander en ook wat die Vader bekend maak, maar die Vader maak deur Hulle Homself aan ons bekend, en dan wil Hy dat ons nou mense sal gaan leer, sodat daardie mense hulle nood kan verstaan en ook kan verstaan dat die Here Jesus die brood van die lewe is.

**Die ware brood is die liggaam van die Here Jesus (v51-58):** Laasweek het ons geleer die Here Jesus is die ware brood wat ewige lewe gee vir die wêreld, bedoelende die mense vanuit die wêreld wat na Hom toe kom en in Hom glo.

Lees vers 51. Die eerste gedeelte bevestig wat ons sopas gesê het. Maar let op die laaste gedeelte van die vers. Hier lees ons dat die brood wat die Here Jesus gee en wat lewe vir die

wêreld gee, Sy liggaam is. Tot hiertoe het ons geleer die Here Jesus is die brood van die lewe, maar nou wys die Here Jesus ons daarop dat die brood van die lewe Sy liggaam is. Die woord wat hier vir "liggaam" gebruik word, is dieselfde woord wat in Joh 1:14 gebruik word waar ons lees dat die Woord "vlees" geword het en onder ons kom woon het. Die ware brood wat lewe gee, is dus die Here Jesus se vlees, d.w.s. Sy fisiese liggaam.

Lees vers 52. Hierdie uitspraak van die Here Jesus is vir die Jode skokkend. Hulle stry onder mekaar wat dit kan beteken. Waarskynlik het die stryery nie daaroor gegaan dat hulle gedink het dit is verregaande dat Hy suggereer hulle moet Sy fisiese liggaam eet nie, maar die stryery het waarskynlik daaroor gegaan dat as dit nie beteken hulle moet Sy fisiese liggaam eet nie, wat beteken dit dan wel? Hulle kon dit eenvoudig nie begryp nie.

Lees verse 53-55. Nou spel die Here Jesus dit in meer detail uit. Let eers op verse 53 en 54. Vers 53 sê: "As julle nie die liggaam van die Seun van die Mens eet en Sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julle nie." Vers 54 sê: "Wie My liggaam eet en My bloed drink, het die ewige lewe." Vers 53 gee die negatiewe: As iemand nie eet en drink nie, het hy nie die lewe nie. Vers 54 gee die positiewe: As iemand eet en drink, het hy die lewe. Dit is dus klinkklaar en ondubbelsinnig duidelik: Die eet van die Here Jesus se liggaam en die drink van Sy bloed is noodsaaklik om die lewe te ontvang – daarsonder sal jy dit nie ontvang nie. En daarom sê vers 55: "Want My liggaam is ware voedsel, en My bloed is ware drank" – dit is die rede waarom die eet en drink van die liggaam en bloed so belangrik is.

As die Jode al ontsteld was toe hulle gehoor het hulle moet die liggaam van die Here Jesus eet, kan ons ons net indink hoe ontsteld hulle nou moes gewees het nadat hulle gehoor het hulle moet ook nog Sy bloed drink. Immers het die wet van Moses nie net die drink van bloed verbied nie, dit het selfs geëis dat vleis waarin daar bloed was, nie geëet mag word nie – nou moet hulle bloed drink!

Die vraag is natuurlik: Wat het die Here Jesus met hierdie uitspraak bedoel? As die Here Jesus van Sy vlees praat, moes dit tog die Jode laat dink het aan die vlees van al die offerdiere wat as deel van die offerdiens geslag is. As die Here Jesus van Sy bloed praat, moes dit tog die Jode laat dink het aan die bloed van al daardie offerdiere wat gevloei het wanneer hulle geslag is. Natuurlik verwys die Here Jesus hier na Sy eie sterwe wat later aan die kruis sou plaasvind. Daar sou Hy die ware offer wees, waarna al daardie Ou Testamentiese offers gewys het. As iemand werklik wil lewe, as iemand die ewige lewe wil hê, moet so iemand by die offer uitkom wat die Here Jesus sou bring. Dit is nie voldoende dat so 'n persoon net by die Here Jesus uitkom as iemand wat wonders kan doen deur mense gesond te maak of deur brood te vermeerder wat die persoon fisies versadig nie. Dit is selfs nie voldoende dat so 'n persoon net by die Here Jesus uitkom wat diepgaande lering oor Homself as die brood van die lewe gee nie. Nee, so 'n persoon sal by die Here Jesus moet uitkom as die Gekruisigde – daar waar Sy liggaam gebreek is en Sy bloed gevloei het. Onthou die mens se diepste nood is sy geestelike doodsheid weens sy sonde. Die oorgaan van hierdie doodsheid na die lewe gebeur nie deur net te eet van fisies vermeerderde brood, of deur net te luister na die lering oor die betekenis van die vermeerderde brood nie. Nee, die oorgang vind plaas wanneer iemand tot by die kruis kom, en daar tot die oortuiging kom dat die Here Jesus se lyding ook ter wille van daardie persoon se sonde is. Dit is as die persoon die Here Jesus aangryp as die vir-hom-Gekruisigde dat hy oorgaan na die lewe. Hy moet hom so met die Here Jesus as die gekruisigde assosieer dat hy as't ware die Here Jesus se liggaam eet en Sy bloed drink – dan eet Hy van die ware brood van die lewe, dan ontvang Hy die ewige lewe, dan sal die Here Jesus hom nooit wegstoot nie, dan sal hy opstaan.

Lees vers 57. Hierdie vers help ons om dit nog beter te verstaan. Die Here Jesus sê die lewende Vader, d.w.s. God die Vader, het Hom gestuur, en Hy leef deur die Vader. Die Here Jesus sê Hy is hier op aarde omdat die Vader Hom hierheen gestuur het. Hy, as die Gestuurde van die Vader, het in gehoorsaamheid gekom. Hy doen wat ook al die Vader van Hom verwag om te doen, d.w.s. Hy leef vanuit die Vader. Die punt is die Vader en die Seun tree in perfekte harmonie op – hulle is Een in die sin hulle werk saam en na dieselfde doel, al het hulle verskillende rolle. In die tweede deel van die vers trek die Here Jesus die lyn deur na die verhouding tussen die gelowige en Homself. Soos wat Hy deur die Vader leef, so sal diegene wat Sy vlees eet, ook deur Hom leef. As iemand die liggaam van die Here Jesus eet, dan word hy een met die Here Jesus, soos wat die Here Jesus een is met die Vader. Dit is die eet van die gekruisigde liggaam van die Here Jesus, wat ook die eet is van die lewende brood, wat tot gevolg het dat iemand oorgaan van die dood na die lewe.

Hierdie verse wat leer dat ons die liggaam van die Here Jesus moet eet en Sy bloed moet drink om die ewige lewe te kan ontvang, het in die geskiedenis aanleiding gegee tot twee dwalings: Natuurlik word daar maklik 'n konneksie gemaak tussen hierdie verse en die nagmaal – immers eet ons met die nagmaal brood, en drink wyn wat onderskeidelik tekens is van die liggaam en bloed van die Here Jesus. Die een dwaling wat gemaak word is dat geglo word dat met die nagmaal die fisiese brood en wyn werklik oorgaan in die fisiese liggaam en bloed van die Here Jesus. En die ander dwaling wat hieruit voortvloei is dat deelname aan die sakrament van die nagmaal noodsaaklik is om die ewige lewe te ontvang – immers sal niemand die ewige lewe ontvang as hy nie die fisiese liggaam en bloed van die Here Jesus geëet en gedrink het nie, en dit gebeur tog by die nagmaal. Daar is al baie hieroor geredeneer en baie geskryf. Ek wil nie op die detail hiervan ingaan nie. Maar ek dink tog Don Carson verduidelik die probleem met hierdie dwalings eenvoudig en tog ook duidelik as hy die volgende uitlig: Hy vergelyk vers 40 met vers 54. Vers 40 sê: Elkeen wat die Seun sien en Hom glo, sal die ewige lewe hê. Vers 54 sê: Wie die liggaam van die Here Jesus eet en Sy bloed drink, sal die ewige lewe hê. Die twee verse moet tog altwee gelyktydig waar wees. As iemand sou redeneer vers 54 wys na die nagmaal waar die brood en wyn werklik die liggaam en bloed van die Here Jesus word, dan is die noodwendige gevolg hiervan dat almal wat tydens die nagmaal van die brood en wyn eet en drink, die ewige lewe sal ontvang. Maar dink nou daaraan dat dit in beginsel moontlik kan wees dat 'n ongelowige ook aan die nagmaal kan deelneem. As die betekenis van vers 54 is dat almal wat aan die nagmaal deelneem ewig sal lewe, moet die gevolg wees dat hierdie ongelowige wat die nagmaal gebruik ook die ewige lewe sal ontvang. Maar kyk nou weer na vers 40 – volgens die vers is dit diegene wat in die Here Jesus glo wat die ewige lewe ontvang – maar dit is nie waar van 'n ongelowige wat die nagmaal gebruik nie. Die interpretasie dat vers 54 na die nagmaal verwys, maak dus nie sin nie. En daarom moet ons die gevolgtrekking maak vers 54 verwys nie primêr en in die eerste plek na die nagmaal nie. Don Carson redeneer verder deur te sê ons moet dit eerder soos volg verstaan: Vers 40 sê om die ewige lewe te ontvang, moet iemand die Seun sien en in Hom glo. Wat is dit wat die persoon in die Here Jesus moet sien en wat is dit wat Hy van die Here Jesus moet glo om die ewige lewe te ontvang? Die antwoord word metafories beskryf in vers 54: Ten diepste is wat so iemand moet sien en glo is dat die Here Jesus se liggaam gebreek is en dat Sy bloed gevloei het vir sy sonde, en die persoon moet hom vereenselwig met hierdie offer van die Here Jesus. Hierdie vereenselwiging word in vers 54 metafories of figuurlik beskryf met Sy liggaam eet en Sy bloed drink. Joh 6:53-56 beskryf nie primêr die nagmaal nie. Dit beskryf die fisiese dood van die Here Jesus se liggaam en die vloei van Sy bloed aan die kruis. En dit beskryf die innige

vereenselwiging van die gelowige hiermee metafories deur te sê die gelowige moet Sy liggaam eet en Sy bloed drink. Die nagmaal herinner bloot aan hierdie waarheid – dit is nie die hooffokus nie.

Cranmer het dit soos volg beskryf: Tydens die nagmaal is die Here Jesus se offer figuurlik afgeteken in die tekens van die brood en die wyn, geestelik is die Here Jesus binne in die gelowige wat die brood eet en die wyn drink, terwyl die Here Jesus liggaamlik in die hemel is.

<u>Die reaksie van die Jode (Joh 6:52-66)</u>

Kom ons besin nou oor die respons van die Joodse skare op die onderrig van die Here Jesus. Onthou dit is die skare wat die vorige dag na die oorkant van die See van Galilea gegaan het omdat hulle gefassineer was deur die tekens wat die Here Jesus gedoen het. Dit is die skare wat geëet het van die fisies vermeerderde brood. Dit is die skare wat die Here Jesus wou koning maak. Dit is die skare wat daarna nie kon rus voor hulle weer die Here Jesus gevind het nie. Dit is die skare wat in vers 34 gesê het: "Here, gee ons altyd hierdie brood." Dit is hierdie Jode van wie ons in vers 41 lees hulle het oor Hom gemor. Lees verse 41-42. Sien jy wat hulle geesdrif laat oorgaan het in 'n gemor? Dit was omdat die Here Jesus gesê het Hy is die brood wat uit die hemel neergedaal het. Hulle kon dit eenvoudig nie aanvaar nie: Immers weet hulle wie Jesus is – Hy is die seun van Josef en Maria. En hulle ken vir Josef en Maria. Hoe kan dit waar wees dat Hy die brood is wat uit die hemel neergedaal het? Dit maak eenvoudig nie logies sin nie. Hulle logiese verstand sê vir hulle dit kan nie waar wees nie.

Die Here Jesus gaan hierna voort en verduidelik dat dit nodig is dat die Vader iemand na Hom toe sal trek, voor die persoon in die Here Jesus sal glo – soos wat ons vroeër bespreek het. En dan sê Hy boonop Sy liggaam is die ware brood wat lewe gee vir die wêreld. Lees vers 52. Nou is die Jode nog meer ontsteld en hulle begin onderling stry. Wat kan dit tog beteken as Hy nou nie net sê Hy is die brood van die lewe nie, nee, hulle moet nou selfs Sy liggaam eet om die ewige lewe te kan ontvang. Hierna gaan die Here Jesus voort en verduidelik nie net moet hulle Sy liggaam eet nie, hulle sal ook Sy bloed moet drink om die ewige lewe te kan ontvang. Ons kan ons net indink tot watter mate dit hulle nog verder ontstel het. Die gevolg is waarvan ons lees in vers 60. Lees dit. In hierdie gedeelte beteken dissipels nie die twaalf dissipels nie (in vers 67 verwys Johannes spesifiek na die twaalf dissipels), maar eerder Sy volgelinge, m.a.w. die Jode wat Hom sedert die vorige dag gevolg het. Hulle gevolgtrekking is dat wat die Here Jesus leer erg is, en dat mens nie daarna kan luister nie. Lees vers 61. Die Here Jesus vra hulle reguit: "Gee dit julle aanstoot?" Die antwoord is duidelik: Ja, hulle het aanstoot geneem aan wat Hy geleer het. Weer verduidelik die Here Jesus dat die Vader iemand sal moet trek sodat die persoon na Hom toe kan kom. Lees vers 66. Baie van die Jode het teruggedraai en Hom nie meer gevolg nie. Want wat die Here Jesus geleer het was te erg, hulle het aanstoot geneem – veral aan die feit dat Hy uit die hemel gekom het, en Sy liggaam en bloed sou gee as die volmaakte offer. Dit was te erg om te glo.

Geliefdes, dit is vandag steeds die geval. Daar is gelowe wat erken dat die Here Jesus hier op aarde geleef het. Hulle erken selfs dat Hy 'n baie goeie mens was. Hulle erken selfs dat Hy 'n goeie leermeester was. Maar dat Hy uit die hemel gekom het, dat Hy die Seun van God is, dat Hy die Verlosser is wat met Sy liggaam en bloed versoening gedoen het vir sondes – dit is darem te erg. Hieraan neem hulle aanstoot. Dit kan hulle nie glo nie. Hulle gesonde verstand sê vir hulle dit kan nie waar wees nie.

Daar is ook sogenaamde gelowiges wat met verloop van tyd hulle rug draai op die Christelike godsdiens. Ja, hulle kan aanvaar die Here Jesus was 'n goeie mens en goeie Leermeester. Maar

werklik: Dat Hy die Seun van God is wat uit ‘n maagd gebore is? Die Een wat werklik deur Sy liggaam en bloed versoening gedoen het vir sondes? Die Een wat werklik opgestaan het uit die dood? Dit is darem te erg. Hieraan neem hulle aanstoot. Dit kan hulle nie glo nie. Hulle gesonde verstand sê vir hulle dit kan nie waar wees nie.

Dit is werklik nodig dat die Vader iemand aan die Seun gee, dit is werklik nodig dat die Vader iemand na die Seun trek, voordat so iemand sal kom en in die Seun sal glo deur Sy liggaam te eet en Sy bloed te drink. Maar, let op: Dit is nie onlogies om dit te doen nie – al redeneer ongelowiges so. Dit is perfek logies. Die Vader oortuig ons deur ons te onderrig deur Sy Gees en deur Sy Seun. Hy oortuig ons met feite. Maar ons het nuwe harte en nuwe denke nodig om die feite en die logika van geloof in die Here Jesus te kan raaksien. Die gelowige ontvang deur die trek van die Vader deur die werk van die Seun en die Heilige Gees die vermoë om insae in die wil van God te kan ontwikkel en te waardeer. Geloof is nie ‘n blindelingse oë toe knyp en hoop vir die beste nie. Geloof is nie onlogies nie. Geloof is gebou op groot waarhede waarin die Here diegene inlei wat Hy na die Seun toe trek. En ons moet ons hierin verdiep, en ons moet ander hiervan leer.

<u>Die reaksie van die twaalf dissipels (Joh 6:67-71)</u>

Lees Joh 6:67-71. Nadat baie van die Jode weggegaan het, draai die Here Jesus na Sy twaalf dissipels en vra vir hulle “Julle wil tog seker nie ook weggaan nie?” Ons weet nie hoeveel van die skare weggegaan het nie, maar vers 66 het gesê baie. Daarom is dit sekerlik ‘n redelike vraag om aan die twaalf dissipels te vra: Wil julle nie ook maar weggaan nie?

In vers 68 gee Petrus ‘n kosbare belydenis: “Here, na wie toe sal ons gaan? U het woorde van die ewige lewe. En ons glo en weet dat U die Heilige van God is.” As jy werklik tot die oortuiging gekom het dat jou sonde en geestelike doodsheid jou werklike en diepste nood is, na wie ander sou jy kon gaan as na die Here Jesus? Veral as jy kon eet van die fisies vermeerderde brood, en as jy die heeldag kon luister na die lering van die Here Jesus dat Hy die ware brood is. Dan is dit mos so dat Hy die woorde van die ewige lewe het. Dan glo jy tog in Hom, immers het Hy getuig Hy het van God af gekom, immers het Hy getuig dat die Vader Sy Vader is. Dit is tog die logiese ding om te doen, is dit nie? Petrus is deur God onderrig – daarom kan hy hierdie kosbare belydenis gee. Kan jy dit ook gee?

En dan sluit die Here Jesus hierdie gebeure af met die stelling dat selfs een van die twaalf dissipels wat Hy uitgekies het, nie deel in Petrus se belydenis nie. Nee, die Here Jesus beskryf Judas Iskariot as die duiwel. Immers sou Judas Iskariot later die Here Jesus verraai. Sien jy die prentjie? Die vorige dag was daar 5000 mans plus vrouens en kinders – dalk soveel as 20 000 mense in totaal wat opgewonde na die Here Jesus gekom het, plus die twaalf dissipels. Nou, na hulle almal geëet het en geleer is, het baie van die skare weggegaan – dit was vir hulle te erg. En selfs een van die twaalf sou later ook nog weggaan. Dit is een ding om die Here Jesus te volg solank Hy wonders doen soos brood vermeerder en jy kan maar net eet. Maar dit is iets anders as Hy aan jou leer Hy kan jou nood aanspreek, maar dan moet jy kom en glo en eet en drink – dan gaan baie weg. Dit verg eenvoudig die werk van die Vader en die Seun en die Heilige Gees om iemand na die Here Jesus te trek, anders gaan hulle weg sodra die fisiese brood opraak.

Alhoewel ons nie weet hoeveel van die skare oorgebly het nie, is dit tog opvallend dat elf van die twaalf dissipels agtergebly en geglo het. Ons kry die indruk ‘n groter persentasie van die dissipels het gebly en geglo, as van die skare. Ek kan nie help om te dink aan die feit dat dit juis die twaalf dissipels was wat die vorige nag in die storm op see was en na wie die Here Jesus op die water geloop het, en dat dit juis hulle is wat nou agtergebly en geglo het nie. Daarteenoor het baie van die

skare wat nie die loop op water belewe het nie, weggegaan. Ek dink tog hier is ‘n boodskap in: Die twaalf het ‘n swaar beproewing gehad, wat die skare nie gehad het nie. In die beproewing het hulle die uitkoms deur die Here Jesus beleef. En nou bly die meeste van hulle by die Here Jesus. Daarteenoor is baie van die skare weg. Die punt is: Beproewings het nut. Nie noodwendig in terme van gerief en gemak in hierdie lewe nie. Maar wel om ons diepste nood en die Here se Voorsiening vir hierdie nood te verstaan. Ja, dit is nie voldoende nie – Judas Iskariot was ook die vorige nag in die storm, en sou nog later weggaan. Maar meer van die twaalf het agtergebly as van die skare. Ja, die Here moet ons trek om na Jesus te kom. Maar Hy trek ons deur ons te onderrig. En Sy onderrig gebeur dikwels deur beproewings. En dikwels leer ons beter tydens beproewings. Voorwaar moet ons leer om te leer – wat ook al die Here vir ons op ons lewenspad stuur. Hy is besig om groot dinge uit te werk in die lewens van die wat Hy vir die Seun gegee het.